## Ferguson, Everett (ed.) *Encyclopedia of Early Christianity* New York: Garland Publishing 1990.

Hierdie enkel band ensiklopedie omvat die arbeid van meer as 100 geleerdes, waaronder, na die redakteur, die mede-redakteurs M.P. McHugh en F.W. Norris, ander geleerdes soos D.E. Aune, J.H. Charlesworth, R.M. Grant, B.M. Metzger en een Suid-Afrikaner H.F. Stander van Pretoria.

Die boek met sy meer as 900 inskrywings waarvan sommige maar enkele reëls omvat, soos byvoorbeeld die een oor "Aeneas of Gaza" bied op 'n kompakte wyse baie en omvattende inligting oor die groei en ontwikkelinge in die Vroeë Christendom tot 600 n.C. as fokuspunt. Vanselfsprekend het die belangriker temas redelik omvangryke opstelle van vier of meer kolomme ontlok, soos byvoorbeeld "Allegory" en "Liturgy". Die inskrywings word belig ten opsigte van hulle teologiese, geskiedkundige en literêre fasette.

Die onderwerpe van die inskrywings omvat 'n wye spektrum van sake en persone. Persone en hulle skeppinge wat aan die orde kom, is vanselfsprekend die christelike skrywers en hulle christelike literêre werke, die kerkleiers, en dan kom by heidense en Joodse skrywers, Romeinse keisers en ander politieke leiers en ander nie-christene wat 'n groot invloed op die ontwikkeling van die Christendom gehad het. Bybelse temas van besondere belang in die vroeë kerk, kerklike dogmata, instellinge, gebeure en praktyke met ketterye, twiste en skeuringe word aangesny. Die kerklike kuns, ikonografie en argitektuur word nie verbygegaan nie, ook nie die bodem waarop die kerk geplant is nie, daarom geniet die stede, streke en die argeologie ook die aandag. Die feit dat moderne geleerdes, vakverenigings en tydskrifte van belang vir die studie van die Vroeë Kerk ingesluit is, laat 'n mens besef waarom hierdie ensiklopedie so belangrik is vir kerkhistoriese en Patristiese studies, soos dit bevestig word deur die erkenning wat hierdie werk alreeds ontvang het by die *American Society of Church History* en die *North American Patristic Society*.

In die inskrywings word bybelse patristiese verwysings verskaf. Die bibliografieë by die inskrywings verstrek sowel Patristiese en moderne sekondêre bronne. Hierdie twee feite plaas die boek op 'n vlak dat dit

toegang gee tot die moderne navorsing wat in Westerse tale beskikbaar is. Die inhoud, bibliografie en volledige indeks maak die werk 'n nuttige instrument in die studie en onderrig van Patristiese literatuur en geskiedenis.

Die werk word sterk aanbeveel by almal wat die Patristiese literatuur en tydvak bestudeer.

**SJPKR**

## David Noel Freedman (Editor-in-Chief) 1992. *The Anchor Bible Dictionary* New York: Doubleday.

Die *Anchor Bible Dictionary* omvat 6 bande met meer as 6000 inskrywings, met byna 1000 medewerkers. Vergelyk dit met die 4 bande van die *Interpreter's Dictionary of the Bible* met 253 medewerkers en 7500 inskrywings. Naas die hoofredakteur het drie redakteurs, te wete G.A. Herion, D.F. Graf en J.D. Peins, en 'n administratiewe redakteur, A.B. Beck, met die hulp van spesialis-redakteurs en ander redaksionele hulp die redaksie en uitgawe van die werk behartig.

Die doelwit van hierdie redaksie was om aan die akademiese wêreld en die algemene publiek wat in die Bybel geïnteresseer is "an up-to-date and comprehensive treatment of all biblical subjects and topics" te bied (Band 1, p. xxxviii). Dit beoog om nie alleen 'n gesaghebbende en onskatbare naslaanbron vir alle lesers en gebruikers van die Bybel te wees nie, maar ook een wat wel toeganklik en leservriendelik sal wees - 'n kragtige navorsingsinstrument.

Om die gestelde doelwit te bereik is die medewerkers uit baie lande, uit verskillende professionele en konfessionele agtergronde gewerf. Hierdie feit weerspieël die groeiende pluralistiese en interdissiplinêre benadering van die Bybelwetenskap van ons tyd waarin spesialisasie en fragmentasie van die wetenskap aan die orde van die dag is. As spesialis redakteurs het gedien:

Hans Dieter Betz vir die Grieks-Romeinse Godsdiens
James H. Charlesworth vir die Apokriewe en Pseudepigrafa
Frank More Cross vir die Ou Testament
William G. Dever vir Argeologie
A. Kirk Grayson vir Mesopotamië en Assiriologie
Peter Machinist en Jack M. Sasson vir die Bybel en Ou Nabye Ooste
Abraham J. Malherbe vir die Nuwe Testament
Burger A. Pearson vir die Vroeë Christendom

en William R. Schoedel vir die Vroeg-Christelike literatuur.

Onder die medewerkers is geleerdes wat ook op besoek aan Suid-Afrika was. Ek noem enkeles: E.A. Nida; R. Althann; R. Bauckham; R.T. Fortna; Gerhard F. Hasel; S. Mittmann; A. Pietersma en E. Tov. Ten minste drie Suid-Afrikaanse geleerdes is ook onder die medewerkers, te wete J.P. Louw; B.C. Lategan en W.S. Vorster.

Getrou aan die uitgangspunt dat elke geslag sy eie *Dictionary of the Bible* benodig, sorg hierdie werk dat die nuutste navorsing die afgelope kwarteeu daarin vervat word. Dit word eerstens daarin gemanifesteer dat meer aandag gevra word vir die epistemologiese vraag hoe kom ek krities tot die kennis as vir die vraag wat weet ek. Tweedens vind ons dat die oorwig van artikels raak die kultuurgeskiedenis en sosiale instellings aan wat op die agtergrond van Oud-Israel en die Vroeë Christendom lê in ooreenstemming met die moderne aksent op die sosiale agtergrond. Derdens vind ons dat inskrywings wat handel oor bybelse leksikale items relatief min is. Dit kan toegeskryf word aan die gebrek aan tydgenootlike belangstelling in woordstudies en/of geleerdes wat nie soveel in woordstudies belangstel dat hulle iets nuut kan bydra as dit wat reeds in ander Bybelwoordeboeke behandel is nie. Daarom vervang hierdie werk nie ouer werke soos die *Interpreter's Dictionary of the Bible* nie. Vierdens vind die toenemende spesialisasie en fragmentasie weerspieëling in die wyse waarop inskrywings deur verskillende medewerkers aangedurf is, met meer gespesialiseerde data wat aangebied word en met die tekortkoming dat medewerkers onwillig is om 'n onderwerp binne 'n groter beeld te plaas en dikwels sonder 'n samevatting. Laastens vind ons dat wanneer samevattings wel voorkom, dit in hierdie werk versigtiger ontwikkel word as dié in ouer werke en gevolgtrekkinge is dikwels meer gekwalifiseerd gemaak.

Die onderwerpe raak die bybelse kanon insluitende die deutero-kanonieke boeke, en nie-kanonieke tekste soos die Pseudepigrafa; die Nuwe-Testamentiese Apokriewe; die Dooie See-rolle; Nag Hammadi-tekste; Vroeg-Rabbynse geskrifte en Kerkvaders met oorsigte, inhoudweergawes, belangrike literêre genres en motiewe; dan verder argeologiese plekke, antieke godsdienstige en filosofiese strominge, geskiedkundige en argeologiese onderwerpe voor 400 n.C. Die inskrywings het 'n konkordans-funksie deurdat dit die belangrikste teologiese woorde en elke naam in die Bybel aangee.

Die meeste inskrywings begin met 'n stelling wat 'n definisie van die

onderwerp behels. Oriëntering op die primêre bron van die onderwerp of 'n breë oorsig oor die probleemareas van interpretasie word aangebied met 'n opgaaf van die verskeidenheid van gesigspunte van die geleerdes. By argeologiese plekke word verslae oor lopende navorsing ook aangebied. 'n Stelsel van kruisverwysings is ingebou en die bronne word in die bibliografie aan die orde gestel, sodat elke ernstige gebruiker maklik verder kan gaan delf.

Vir elke ernstige Bybelgebruiker is die werk van harte aan te beveel as 'n waardevolle bron vir die studie van die Bybel in ons tyd.

SJPKR

**Du Rand, Jan. A.** 1991. *Johannine perspectives. Introduction to the Johannine writings Part 1.* **Orion.**

Hierdie werk van die outeur is 'n Engelse uitgawe van sy *Johanneïese Perspektiewe, deel 1.* Ons het dus 'n verdere verryking van handboekmateriaal wat tweetalig beskikbaar is. Aangesien dit 'n omvattende en uitstekende werk op die inleidingsvraagstukke van die Johanneïese korpus is, bied die beskikbaarheid daarvan in sowel Afrikaans as Engels die akademikus die geleentheid om vir 'n groep studente wat nie almal Afrikaans magtig is nie, 'n baie geskikte werkboek te hê.

Volgens die inleiding deur die outeur is die werk gerig op die student en die leser van die Johanneïese literatuur. Die volgende aspekte van die boek bied nogal heelwat nut aan studente:

i Die outeur bring die student in aanraking met 'n hele aantal standpunte en probeer elkeen akkuraat en objektief weergee en tog orden sodat 'n mens 'n oorsig kan kry. As voorbeeld dien die ag modelle van die interpretasie van Openbaring (pp. 271-278) met die belangrikste verteenwoordigers binne elke model, met 'n waardering deur die outeur self by elke gedeelte en samevatting daarna.

ii Die outeur bring die student in aanraking met die patristiese, klassiek-wetenskaplike en die mees onlangse literatuur. Die feit dat daar relatief min literatuurverwysings in die teks self voorkom, behoort die beginner te help om die vernaamste literatuur uit 'n magdom bronne in die literatuurlyste te selekteer.

iii Die toeganklikheid van die boek word verhoog om naas die tradisionele inhoudsopgawe ook 'n uitgebreide inhoudsopgawe te vind wat help dat die logiese vloei van elke hoofstuk en paragraaf opsigtelik gemaak

word.

iv Die outeur bly op hoogte van navorsing op die Johanneïese literatuur en bied die mees onlangse besprekings aan die student. Tog slaag hy daarin om die moderne ontwikkelinge te kombineer met tradisionele standpunte. Die belang, as voorbeeld, van die retoriek in die apokaliptiek koppel hy terug met winspunte uit die tradisionele verstaansmodelle en selfs met die verstaan van Openbaring as 'n dramatiese werk.

v Die taalgebruik in die werk is van so aard dat dit die leser of student nie in tegniese jargon sal laat verstrengel nie. Meesal vloei die uiteensetting ook gemaklik.

Die resensent wat probeer bybly met die outeur en sy publikasies kon die outeur terugvind in hierdie werk. Die bydrae lê dus nie in die feit dat hy iets nuuts gesê het nie, maar in die feit dat hy die nuwe van die afgelope tyd in die Johanneïese literatuur meesterlik met die oue kon kombineer en 'n handige hulpmiddel op die rak van die student kom plaas het. Die resensent wil egter op een probleem wys wat die boek as akademiese werkboek mag meebring. Die baie standpunte word op sommige plekke so oorsigtelik aangebied, dat dit kripties word en onverstaanbaar word vir iemand wat inleidend met die standpunt kennis wil maak. Miskien kan die outeur sekere standpunte selekteer en dit meer breedvoerig en inleidend behandel en miskien kleindruk-paragrawe gebruik om oorsigtelik verdere standpunte aan die orde te stel.

Dit word van harte aanbeveel vir studente wat ernstig met die Johanneïese literatuur besig is.

**SJPKR**

**Du Rand, Jan A. 1992.** ***Kyk die Koning kom! 'n Populêre verklaring van die boek Openbaring.*** **Vereeniging: Christelike Uitgewersmy.**

Die boek begin met 'n baie populêre inleiding, hoofstuk 1, getiteld "'n Kompas met die oog op kaart en transport". 'n Mens kan sommer aanvoel dat die outeur die leser daartoe wil bring dat hy/sy sal ervaar dat Openbaring hom/haar wil betrek by die simboliese wêreld en verhaal van die boek.

In hierdie inleidende hoofstuk gee die outeur dan by sy uiteensetting oor die oogmerk met die onderhawige publikasie ook die opset daarvan. In die daaropvolgende 23 hoofstukke word die inhoud (22 hoofstukke) van Openbaring behandel. Eerstens word gepoog om die kernuitleg van die teksgedeelte op 'n bevatlike en populêre wyse aan te bied sodat Openbaring

self aan die woord kom. Die outeur wil nie die leser verstrik in uitlegprobleme nie, probeer ook nie elke vers kommentarieer nie en poog eerder om die geheelstrekking deur te gee. Hy slaag grootliks hierin. Tog wil ek meld dat in hoofstuk 23 (oor Openbaring 20) gee hy aansienlik aandag aan die verstaansproblematiek van die gedeelte. Miskien moet ek bysê: met genoegsame redes om van sy eie doelwit af te wyk.

Vir die leser met 'n akademies-teologiese belangstelling en 'n behoefte om meer te wil weet, mag hierdie werk miskien teleurstel. As ek die inleiding reg verstaan het, dan is die boek nie vir diesulkes geskryf nie. Vir die leser wat nie veel aandag aan die verstaansproblematiek wil gee nie (behalwe ten opsigte van Openbaring 20), maar wil meegeneem word op 'n simboliese reis en bedevaatstog in die draende genade van God in Christus Jesus, word hierdie boekie van harte aanbeveel.

SJPKR

**Roberts, J.H., Vorster, W.S., Vorster, J.N. en Van der Watt, J.G. (red.). 1991. *Teologie en Konteks.* Halfway House: Orion.**

Die publikasie word nie 'n feesgeskrif genoem nie, maar tog op een van die binne-voorblaaie word dit opgedra aan prof. A.B. (Andrie) du Toit en 'n *tabula gratulatoria* verskyn agter in. Die voorwoord vermeld hom as 'n jubelaris en 'n aantal van die medewerkers doen dieselfde. In die resensie moet dan met hierdie opset van 'n feesgeskrif rekening gehou word. Tereg beskryf die redaksie dit as 'n bundel met die eksplisiete oogmerk om in 'n behoefte wat alreeds lank aangevoel word, te voorsien. Naas die beskrywing van die teologie van die (hele) Nuwe Testament is daar ruimte vir 'n beskrywing van die teologie van elke afsonderlike geskrif. In hierdie leemte probeer die medewerkers voorsien. Hulle het afgespreek om dit binne die raamwerk van die nuwere ontwikkelinge te doen, en wel binne die aandag wat al meer geskenk word aan die kommunikatiewe situasie van elke geskrif en binne eie konteks.

Twee geskrifte, te wete Galasiërs en 1 Petrus kon vanweë omstandighede nie gedoen word nie. Met die uitsondering van bogenoemde twee geskrifte het die medewerkers daarin geslaag om iets van die teologiese duiding van elke geskrif van die Nuwe Testament teen sy unieke agtergrond na vore te bring. As 'n bonus is die groot inhoudelike verskeidenheid van die Nuwe Testament skerp geïllustreer in hierdie werk.

Die bundel as 'n soort van feesgeskrif vertoon 'n mate van oneffenhede

wat uitgeskakel sou kon word as dit eerder as 'n monografie benader sou wees. Kom ek noem enkele gevalle. Die paragraaf op p. 34 waarin gestel word dat daar erns gemaak moet word met die Evangelies as vertellinge, sou beter voor Matteus, as inleidend tot al vier Evangelies aan die orde kon kom. Die verhouding tussen Lukas en Handelinge word by die Handelinge-bydrae behandel, terwyl dit in die Lukas-bydrae stilswyend aanvaar word totdat daar oor die ekklesiologie van Lukas gehandel word. Dan duik dit skielik op, maar sonder dat dit werklik bespreek word. Die outeurskapsvraag by die Pastorale Briewe kom aan die orde by 2 Timoteus, soos dit ook geld vir 1 Timoteus (en Titus). Die gemeenskaplike tussen 'n aantal geskrifte sou beter die bespreking van afsonderlike geskrifte kon voorafgaan.

Die medewerkers het volgens die voorwoord die vryheid gehad om *konteks* en *teologie* self te definieer. Dit het daartoe gelei dat verskillende benaderings tot die rekonstruksie van die konteks en die ontwerp van 'n geskrif se teologie gevolg is.

Die meeste medewerkers het die konteks gekoppel aan die retories-kommunikatiewe situasie van die geskrif. In hierdie kategorie kan H.J.B. Combrink se benadering op Matteus as tipies beskou word. Die uitgangspunt is dat die teologie te make het met die "dinamiek van die verhaal" (pp. 1-2) of andersins die literêre aard van die geskrif. Die opbou word geanaliseer en dan word die teologiese momente bepaal in die lig van die analise. J.G. van der Watt behandel die historiese rede vir die skryf van die Johannes Evangelie as prominente deel van die konteks.

Die ander medewerkers gee besondere aandag aan die historiese situasie en volg 'n sterk teksgeoriënteerde aanbieding soos F.S. Malan op 1 Korintiërs waar die teksinhoud die aanbieding bepaal en historiese agtergrond in die bespreking aangesny word. A.G. van Aarde bied ten opsigte van 1 Tessalonisense die sosiale konteks as uitgangspunt, S.W. Theron werk op Titus met 'n sosiologiese groep-teorie en W.R. Dromeris op 2 Johannes met 'n "anthropological grid system". H.C. van Zyl rekonstrueer eers vir Hebreërs 'n historiese profiel van die eerste lesers en daarna 'n teologiese profiel van dieselfde lesers.

Die bydrae van M. Boers oor die kanongeskiedenis van die Nuwe Testament bring die werk tot aan die einde. Dit val egter uit pas uit met die res en die voorwoord.

Sekere terminologiese gebruik is vir my minder aanvaarbaar. Ek sal huiwer om die woord *teologie* te gebruik vir die woord waarin die Godsopenbaring tot ons gekom het, soos W.S. Vorster van die "Evangelies as teologie"

praat (p. 34) of P.J. Gräbe (p. 427) se stelling: "Paulus is geen dogmatiese teoloog nie, maar 'n interpreteerder van die evangelie". Afgesien van my reserwe vir die gebruik van die woord *teoloog* vir die Openbaringsorgane, kan ek nie die strekking snap nie van laasgenoemde se stelling nie. Ek kan nie dink dat daar so 'n groot verskil is tussen die begrip *teoloog* en die begrip *interpreteerder van die evangelie* nie. Dan vind ek die stelling ook in moontlike botsing met 'n daaropvolgende stelling, naamlik wanneer oor Filemon geskryf word as die enigste brief waarin dogmatiese sake byna geen rol speel nie. Is die implikasie hiervan nie, dat in baie van sy briewe die dogmatiese wel 'n aansienlike rol speel nie?

Ongelukkig is die resensent nie bevoeg om oor die inhoudelike van al die bydraes te oordeel nie. Oor die geskrifte wat ek gereeld raadpleeg en daaroor lees, kan ek nie sê dat ek werklik iets nuuts gevind het nie. Dit verhinder egter nie waardering vir die werk nie. Die nuwe en die bruikbare lê vir my daarin dat ons byna vir die hele Nuwe Testament 'n tekstueel sowel as kontekstueel gekoppeld en verantwoorde uiteensetting het van die verkondiging van elke geskrif. Ek beskou hierdie werk as 'n batige eksperiment in ons op weg wees met die teologie. Miskien moet ek nog positiewer wees: Die wyse van teologisering wat hier vir ons oopgaan, is myns insiens die weg waartoe ons met die inleiding van die Nuwe-Testamentiese boeke moet kom. Daarom wil ek die werk aanbeveel by almal wat die Nuwe-Testamentiese geskrifte beter wil verstaan

**SJPKR**

## Bierling, N. 1992. *Giving Goliath His Due: New Archaelogicial Light on the Philistines.* Grand Rapids: Baker House.

Hierdie populêr-wetenskaplike boek is spesiaal geskryf vir die s.g. leunstoelargeoloë. Die doel van die boek is om dié argeloë te voorsien van die nuutste informasie oor die Filistyne. Hierdie studie is gebaseer op sowel die jongste argeologiese ontdekkings in Filistië as historiese dokumente uit Egipte, die Egeïese gebied, Anatolia en Mesopotamië. Die bronne is saam gebruik om die Bybelse tekste wat oor die Filistyne handel in beter perspektief te stel.

Die werk val in die volgende agt hoofstukke uiteen:

* Hoofstuk 1 gee 'n kursoriese oorsig oor die Ou-Testamentiese tekste wat oor die Filistyne handel.
* Hoofstuk 2 handel oor die opgrawingswerk wat by Ekron (Tell Miqne)

gedoen is. Die indringende en omvangryke argeologiese data wat hier versamel is, gee 'n baie goeie kultuurhistoriese beeld van die Filistyne self.

* Hoofstuk 3 handel primêr oor die oorsprongsgeskiedenis van die Seevolke waarvan die Filistyne 'n integrerende deel was. Hulle herkoms word gesoek in Wes-Anatolië, Kreta, die Griekse skiereilande in die omgewings van Atene en Mikene. Na die val van Troje is die Seevolke, wat bondgenote van die Trojane was, gedwing om te migreer. In hierdie migrasieproses het Siprus die brug tussen die Egeïese gebied en Kanäan en Egipte gevorm.

* In hoofstuk 4 word die kontakte tussen Josua, Simson, Samuel en Saul onder die loep geneem. Die argeologiese data van die verskillende Filistynse sentra word hier en in die hieropvolgende hoofstukke deeglik verdiskonteer.

* In hoofstuk 5 word die Filistyne en hulle kontakte met Saul verder bespreek. Vervolgens kom Dawid en die Filistyne aan die orde.

* Hoofstuk 6 handel oor die rol van die Filistyne vanaf Salomo tot Hiskia.

* Hoofstuk 7 behandel die geskiedenis van die Filistyne vanaf Hiskia tot Josia. Die Assiriese invloed op Filistië word gedurende hierdie tydvak baie duidelik deur die argeologie bevestig. Die Filistynse grondgebiede is klaarblyklik deur die Assiriërs gebruik as springplank teen Egipte. Die s.g. Pax Assyriaca het gelei tot die opbloei van Ekron met sy florerende olyfbedryf.

* Hoofstuk 8 verhaal die Babiloniese aanslag op die Filistyne. Die verwoesting van o.a. Ekron is 'n bewys van hoe deeglik hierdie volk hulle vernietigingswerk gedoen het. Na 'n geskiedenis van 600 jaar in Palestina het die Filistyne opgehou om as volk voort te bestaan.

As punte van kritiek kan die volgende gesê word:

* soms is die outeur geneig om ietwat irrelevante argeologiese gegewens by te trek; en

* die boek kon meer logies en sistematies aangebied gewees het, want die inhoud kon m.i. beter gerubriseer word.

Die groot pluspunt van hierdie werk is feit dat die mees resente data oor die Filistyne, (die bibliografie op pp. 225-67 is die sprekende bewys hiervan), gebruik is om die Filistyne en hulle rol in die Ou Testament toe te lig. Die outeur slaag daarin om op 'n aangename en verrassende wyse sommige van die Ou-Testamentiese dele wat oor die Filistyne handel te verhelder.

Hierdie boek is nie 'n droë opsomming van eng argeologiese feite nie, maar dit is 'n interessante en leersame weergawe van die Filistynse

geskiedenis gesien teen die agtergrond van die Ou Testament. Die boek is aan te beveel vir sowel die leunstoelargeoloog as die Ou-Testamentikus.
GEO

## Prinsloo, W.S. 1991. *Die Psalms leef! 'n Eksegetiese studie van psalm 3, 15, 23, 112, 126, 131, 136, 148.* Halfway House: NG Kerkboekhandel.

Hierdie werk is 'n vervolg op *Van Kateder tot kansel. 'n Eksegetiese verkenning van enkele psalms* wat in 1984 verskyn het en in 1988 herdruk is. Die onderhawige werk het soos sy voorganger die doel om diepgaande eksegetiese arbeid aan die hand van die Hebreeuse teks te wees. Die resultaat van sulke studie word dan daaropvolgend verder vir die prediker voorsien van riglyne met die oog op die prediking. Die outeur is daarvan oortuig dat die psalms stof vir prediking bied en deur die gemeente geleef moet word.

Die werk is nie alleen 'n toepassing van dieselfde prosedure van die ouer werk nie, maar boon-op bespeur die resensent 'n baie meer buigsame en syns insiens heilsamer toepassing daarvan in *Die Psalms leef!* So val op dat in *Van Kateder tot kansel* die outeur stel dat hy 'n redelike vaste volgorde van eksegetiese stappe gevolg het, hoewel dit nie rigied toegepas behoort te word nie. Sy hoop was om 'n "werkbare en kontroleerbare metode daar te stel". Nou beklemtoon die outeur dit egter dat "die sinkroniese lees van teks (nie) 'n eksakte, objektiewe, kliniese proses is nie". Hy beoog geensins 'n stuk positivisme nie, maar verkies sy benadering omdat dit volgens hom 'n meer gekontroleerde metode is. Aan die eksegeet se verbeelding of kreatiwiteit word perke gestel deur die teks. Daarom stel *Die Psalms leef!* dat aandag aan die morfologiese, sintaktiese, stilistiese en semantiese aspekte gegee word. Die aksent val op die teks. Alle konvensies of fasette wat in die teks gevind word, "word aangewend ten einde die teks te probeer dekodeer om dit sodoende te probeer verstaan", aldus die *Ter Inleiding*. Bykomend benadruk die outeur dat sy sinkronies-teksimmanente benadering nie die historiese gegewene uitsluit nie. Dit probeer juis reg laat geskied aan die historiese konteks.

Die resensent wil hierdie werk vanweë die skuif in benadering van harte aanbeveel.

Die outeur het hierdie werkswyse op die sewetal psalms in die subtitel genoem, toegepas. Hy slaag daarin om ten spyte van 'n deeglike eksegese uit die grondtaal nie te verval in 'n stuk dorre grammatikale analises nie, maar kreatief die eksegese so aan te bied dat dit leef.

Kom ons kyk na Psalm 15 se aanbieding as 'n voorbeeld. Eerstens word 'n oorsig gegee van die probleme. Dan wend hy hom tot die struktuur. Met sy deeglike analises wat morfologiese, sintaktiese, stilistiese en semantiese kriteria omvat, kom hy dan tot 'n uiteensetting van die struktuur. Daarvan gee hy 'n diagrammatiese voorstelling (p.21). Vervolgens wend hy hom tot die vraag van die literatuursoort. Hy wys tereg op die gevaar van keurslyfdwang van benaderinge in die verlede wat 'n hipotetose rekonstruksie van die ontstaansagtergrond van die psalm opgestel het en die uitleg en literatuursoortklassifikasie met alle mag daarby wou laat aanpas. Hy erken die kultiese invloed in die teks, maar meen dat die wysheidsinvloed 'n groter rol speel. Daarom beredeneer hy dat psalm 15 'n didaktiese psalm is wat 'n sekere lewenstyl wil propageer. By die volgende besprekingspunt bevind hy dat geen sinvolle redaksiegeskiedenis gerekonstrueer kan word nie. Daaropvolgende maan hy tot groot versigtigheid met die dateringspogings.

Die volgende aspekte word vir die voornemende prediker beklemtoon: Eerstens gaan die psalm oor die vraag wie mag in die teenwoordigheid van die Here verkeer. Die antwoord verskaf geen kultiese vereistes nie, maar noem religieus-etiese sake op. Dit word andersins ook bereik deur die skepping van die kontras tussen die regverdige en goddelose. Die slotsom van die psalm is dat die sekuriteit wat lê in die ervaring van die teenwoordigheid van die Here geld slegs vir diegene wat getrou is aan die Here. Daarom is die belangrikste riglyn vir die prediking dit dat die gelowige 'n lewe moet lei wat by die bekering pas en dat dit 'n totale lewe is in gehoorsaamheid aan God.

Dankie kollega vir hierdie bydrae tot die verbetering van ons prediking - 'n sewetal studies wat 'n aantal psalms nuut op die kansel kan bring!

SJPKR

**Kultuurverskeidenheid in Afrika - verleentheid of geleentheid?**
**Cultural diversity in Africa - embarrassment or opportunity?**
**Potchefstroom:IRS.PU vir CHO.1991. 261 bladsye prys R 25.00**

Hoe kan kultuurverskeidenheid en kultuurkontak so hanteer word dat die negatiewe so ver moontlik vermy en die positiewe as wins verkry word? Hoe kan ons van 'n verleentheid 'n geleentheid maak? Vanuit verskillende hoeke word daar dan na die onderwerp gekyk. Kultuurverskeidenheid in (Suid-) Afrika word oor die loep geneem. Perspektiewe ten opsigte van kruis kulturele kommunikasie in suidelike Afrika word oorweeg. Die stryd tussen

die Christendom, Islam en tradisionele Afrika kulture word bespreek. Kultuur, sosiale waardes en ontwikkeling in Afrika word oorweeg en die boek sluit af met enkele oordenkings.

Die aanpak wek onmiddellik belangstelling. Die artikels is prikkelend. Dit is 'n wye onderwerp en daar is gepoog om aan al die aspekte van die onderwerp reg te laat geskied. Daar is gepoog om vanuit verskillende kultuurgroepe bydraes te verkry om die veld wat gedek word so ruim as moontlik te maak. Besonder insiggewend is die artikels van M Elaine Botha "Voorwaardes vir kultuurbewaring" Vanweë die perpektief op kultuur en politiek en M.l Daneel "The encounter between Christianity and tradisional African culture: accomodation or transformation?" vanweë die besondere aard van hantering van kultuur in die Afrika Onafhanklike Kerke.

Ongelukkig ontkom die boek nie aan enkele besware nie. Die oorsigtelike aard van verskeie artikels beteken dat die onderwerp nie in diepte bespreek word nie, veral die tweede hoofdeel ontkom nie daaraan nie. Die perspektiewe is nie diepgaande genoeg nie. Die vraag kan ook gestel word of daar eenheid tussen die verskillende dele gehandhaaf word. Word die boek nie maar net die samebundeling van verskeie standpunte wat nie 'n geheelbeeld vorm om die leser te help om inderdaad 'n duideliker prentjie oor die probleem te verkry nie? Kan kulture werklik met mekaar vergelyk word op die wyse wat BJ Van der Walt dit doen? Word daar deur hom genoeg aandag gegee aan die dinamiese aspek van kultuur en aan oorgange en ontwikkeling wat voortdurend voorkom?

Ten spyte van die enkele besware word die boek vir 'n wye leserskring aanbeveel.

PV

**Strauss, P.J. 1992. *P. de B. Kock. Prediker-filosoof in die greep van die Reformasie.* (Wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO Reeks F2. Brosjures van die Instituut vir Reformatoriese Studie Nommer 53) Potchefstroom PU vir CHO.**

Die outeur slaag daarin om in hierdie kort werke met fyn aanvoeling, begrip en waardering die beminde prediker en dosent P. de B. Kock in herinnering te roep. Sedert die resensent prof. P. de B. Kock leer ken het, het sy agting en liefde steeds toegeneem totdat die leermeester ons ontval het. Die deurlees van hierdie publikasie het opnuut kom onderstreep dat dit 'n groot voorreg was om die mens P. de B. Kock nie alleen in die klas as leermeester te kon

hê nie, maar ook buite klasverband - in die gange van die lesinglokale en op die kampus waar ons dikwels mekaar raakgeloop het - as 'n vriend wat kan verstaan.

Die biografiese besonderhede word goed versorgd aangebied en met waarderende opmerkings verryk. Soos uit die subtitel verwag kan word, word groot klem gelê op die Reformatoriese gedagtegroei en bydraes van ons prediker-filosoof. Tog wil ek 'n enkele aspek van sy jeugjare van naderby belig. Hy was een van die arm studente soos so baie van ons nog selfs in die sestigerjare was. Deur toewyding en hardewerk het hy vir hom 'n akademiese staanplek oopgebreek. In hierdie dae wanneer dit byna as 'n reg opgeëis word dat studente van alle vermeende materiële ondersteuning tot oorlopensvol verseker moet wees voordat hy sy boeke oopmaak, is dit gerade juis nodig om kennis te neem dat studentwees ook sonder die blink motors en ander weeldeartikels kan plaasvind.

Die boekie word afgesluit met 'n herdruk van 'n artikel in *Tydskrif vir Christelike Wetenskap* oor die christelike mensbeskouing vanwaaruit die mens opvoedkundig korrek bereik kan word, soos P. de B. Kock dit verwoord het.

Van harte aanbeveel vir almal wat iets van die Suid-Afrikaanse reformatoriese denke wil leer en vir almal wat die finansiële posisie van ons land en die studentelewe van vroeër vergeet het.

**SJPK**

## Van der Walt, J.L. en Du Toit, S.C. 1992. *J. Chr. Coetzee. Reformatoriese opvoedkundige.* (Wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO Reeks F2: Brosjures van die Instituut vir Reformatoriese Studie Nommer 56) Potchefstroom: PU vir CHO.

Hierdie werk in 'n reeks *Moderne Reformatoregalery* bied 'n kort en insiggewende oorsig oor die lewe en werk van J. Chr. Coetzee en sy bydraes tot die opvoedingsteorie en opvoedkundige wetenskapsteorie. Uit sy werk spreek sy Christelike lewens- en wêreldbeskouing. As die gelowige kind van God het hy 'n reformatoriese lewensvisie gehad wat sy opvoedkunde in die lig van die Woord van God laat beoefen het. Daarom kom sy voor-teoretiese grondslae duidelik uit: sy oortuiging oor God en oor die rol van die Heilige Skrif; sy Christelike beskouing wat ook die beskouing oor die samelewing en die mens raak; en sy denke oor kennis en kennisverkryging. Aandag is gegee aan die opvoedingsfilosofiese vrae soos die wese, doel, inhoud en

metode van die opvoeding; identiteit van die opvoedeling en opvoeder; die rol van die samelewingstrukture in die opvoeding en die vryheid, gesag en tug in die opvoedingshandeling. In sy wetenskapsbeskouing sluit Coetzee aan by die "modale aspekte" van die werklikheid (sonder om dit so te noem). Hy het aanvaar dat die Calvinistiese denke reg op 'n eie opvoedingsteorie en -praktyk het - gegrond op sy eie lewensbeskoulike vertrekpunt.

Die werk sluit af met 'n waardering van die werk van Coetzee.

Vir persone wat belangstel in die opvoeding volgens Reformatoriese visie en die geskiedenis van die opvoeding kan die werk nie sterk genoeg aanbeveel word nie.

**SJPK**

*Malan Nel: Gemeentebou.* **1994. Orion, Johannesburg. 320 bladsye. Prys: R59-95.**

Met die verskyning van Malan Nel se *Gemeentebou* (1994) lewer hy 'n substansiële bydrae tot die literatuurkorpus in verband met die gemeente-bouteologie. Die uitgebreide bibliografie getuig dat die stof van verskillende kerklik-teologiese tradisies verwerk is en hierin byeenkom. Die benadering en metodologie van sy aanvanklike *Teologiese perspektiewe op gemeentebou (1986) en Fases in gemeentebou* (1988) word hier met groeiende oortuiging uitgebou. As gemeentebouteoloog wil hy steeds die besinning oor die opbou van die gemeente in 'n uitgesproke teologiese kader plaas.

Om inhoud te verleen aan hierdie grondoortuiging begin hy sy driedeling met 'n aantal teologiese perspektiewe (deel 1). Bekende temas (wat ook in die 1986-publikasie voorgekom het) word hier aan die orde gestel: die Bybelse gebruik van die boubeeld (2-8), gemeentebou en vernuwing (15-19), diens aan God en mens (33-59) en die betekenis van dissipelskap in gemeentebou (89-96). Aan hierdie perspektiewe word die belangrikheid van "kommunikatiewe handelinge" in diens van die evangelie (83) toegevoeg. Die kontemporêre praktiese teologie open immers die perspektief dat die (kommunikatiewe) handelinge van die geloofsgemeenskap 'n teologiese basis-uitgangspunt is vir die realisering van (missionêre) gemeente-wees in die perspektief van die Koninkryk (21-33). Begrip vir die gemeente as "kommunikasiesisteem en -sentrum" (25) open die weg om sake soos die rol van diensleiers (49) en die diens van leierskap (59-82) ook onder die teologiese perspektiewe tuis te bring (in 1988 is leierskap in gemeentebou onder die Fases in gemeentebou ter sprake gebring).

In deel 2 word sy vroeëre Fases (1988) as "prosesmatige bediening" verder uitgebou. Hierin word die aanvanklike teologiese perspektiewe (deel 1) strategies en prosesmatig beplan en ingevoer. Die bekende strategiese fases kom weer voor: motivering, ontvriesing, missieformulering (125-147), 'n uitvoerige bespreking van die metode van gemeente-analise (148-180) en die belang van doelgerigte aksie (181-199). Maar, 'n belangrike verbandhoudende saak word hieraan toegevoeg. Sonder funksionele gemeentestrukture sal nóg die teologie van gemeentebou, nóg die prosesmatige strategiebeplannning tot opbou van die gemeente kan lei. Gevolglik moet die belang van gemeentestrukture en struktuurvernuwing (deel 3) die gemeentebouproses tot sukses begelei. As vrug van die prosesmatige vernuwingstrategie (deel 2) moet 'n dinamiese "gemeentebegrip en missie" (241) die gemeente se tuiskoms "in een of ander model van kerkwees" (243) verwoord. Hiermee beklemtoon Nel die wesenlike belang van die regte kerkmodel en die strukture wat daaruit voortvloei. Struktuurtipes en modelle (binnelands en buitelands) word aangebied as riglyne vir gemeentes wat die weg van struktuurvernuwing wil bewandel (249-265; 291-302).

Inhoudelik bied die boek baie stof tot nadenke. Vanuit 'n gereformeerdkonfessionele vraagstelling roep die aanpak egter vrae op. Dit verteenwoordig 'n wyse van teologisering wat ingebed is in 'n wetenskapsteorie wat verskuil en onverantwoord meespreek en die hele opset bepaal. Ooglopend is dit geknip op die patroon van die handelingswetenskaplike paradigma in die beoefening van die praktiese teologie. Inhoudelik word erkenning aan hierdie kenteorie gebied (25) en mbt die opset van die boek val dit tipies handelingswetenskaplik in 'n (teologiese) basisteorie (deel 1), praktykteorie (deel 2) en bedieningstrategie (deel 3) uiteen. Die regte kerkmodel dien as "fasiliteerder" om teorie en praxis, teologiese perspektiewe en prosesmatige vernuwing, aan mekaar te haak. Omdat die rol van die gemeente as "kommunikatiewe sisteem" so hoog opgegee word, moet die teologie met prosesse en strukture gekomplementeer word. In die proses gebeur dit dat die handelingswetenskaplike beoefening van die praktiese teologie nie enduit uithou met teologiese uitgangspunte nie. Die dualisme tussen teologie en praktyk word nie teologies nie, maar handelingsteoreties met behulp van metodes en tegnieke uit nie-teologiese wetenskappe oorbrug. Hiermee loer die gevaar van 'n inkongruensie tussen teologiese uitgangspunte en die praktiese vormgewing daarvan wanneer nuwe kerkmodelle, -strukture en die regte gemeentebegrip die opbou van die gemeente moet konstitueer. Dan speel teologiese perspektiewe al te maklik in die hand van die objektivering

van 'n bepaalde kerkbegrip. Die kritiese vraag is of hierdie benadering (tsv al die mooi teologiese insigte wat daarop nagehou word) die kerk werklik help aan 'n Skriftuurlike en konfessionele sinduiding? Kan gemeentebou en kerklike reformasie in die gereformeerd-konfessionele sin van die woord deur middel van 'n "gemeentebegrip" (wat prosesmatig beplan en ontwerp word) bewerkstellig word? Kom dit nie enkel en alleen deur die regering van Christus deur die Woord en die Gees nie? Omdat die skrywer aan hierdie grondoortuiging wil vashou (13,15,19), moet hierdie boek gelees word. En, die konsekwensies van die kommunikatiewe handelingswetenskaplike beoefening van die praktiese teologie wat hier uitkruip, moet verantwoord word.

LME